

**Die Wederopstanding
van
Japie Coetzee**

‘n eenmanstuk

deur

Deon Opperman

Kontakbesonderhede vir opvoerrege:
Deon Opperman (e-posadres: deonopperman@artslink.co.za)

Die Wederopstanding van Japie Coetzee

Op die verhoog: 'n mooi kapstok waarop 'n pak, hemp, ens alles hang; 'n tafeltjie met 'n wasbak daarop, speel, ens. Deur die loop van die stuk sal hy skeer, hare kam, en sy pak aantrek, sodat hy teen die einde van die stuk gereed is om werk toe te gaan.

Japie kom links opgestap met 'n handdoek om die lyf. Sy hare en lyf is nat – hare deurmekaar (so pas afgedroog). Hy stap oor na die wasbak, neem skeerroom en begin die kan skud...

Jou ouers moet lekker getik wees om jou 'n naam soos Japie te gee...Japie Coetzee, maar die ou vrouens sê mos dat 'n kind bring twee dinge met sy geboorte saam: sy eie boedel en sy eie naam ...jy kyk net na hom en dan weet jy...veral as jy met die helm gebore is, soos my Ma. Of so het sy geglo...en soos ek die storie vertel is, toe hulle my nog nat en bebloed in haar arms gesit het, het sy my op die voorkop gesoen en gesê: Japie, sy naam is Japie. Japie my skapie. Toe was ek Japie my skapie totdat ek eendag, op die ouderdom van ses, ingestap het en aangekondig het dat “ek te oud is om 'n skaap te wees, en van nou af is my naam J.C.” En gegewe die kruisiging van die wit man in die nuwe Suid-Afrika, reken ek dat *ek* die een was wat met die helm gebore is.

Hy maak asof hy oplet dat iemand in die gehoor na sy maag kyk.

Nee, ek eet nie McDonalds nie. Dis 'n boereboepens hierdie, mevrou...rys, vleis, bier en aartappels. Plaas hulle 'n viagra uitdink om 'n boepens weer styf te trek...en terwyl hulle daarmee besig is, sommer vir my vrou se borste ôk. *(Hy begin die skeerroom opsmeer)* Een ding is seker...die manne wat viagra uitgedink het, het nie die saak mooi deurdink nie, want na jy hom gedrink het, dink meneer daaronder hy's weer 21, maar die res van jou lyf bly sestig...(wys na meneer)...hy staan styf vir 'n uur of twee, en na die aksie is die res van jou lyf styf vir 'n week.

(Wys na die skeerroom) My Pa weier tot vandag toe om hierdie goed te gebruik...seep en 'n kwas, seun, 'n man skeer met seep en 'n kwas. Gebruik ook nog sy ouderwetse skeermes...cutthroat razor...wat hy by sy Pa geërf het. En ek reken hy het dalk 'n punt daar beet...jy koop die ding net eenkeer, die eerste keer, strop hom as hy stomp is...en hy hou so lank jy kan hom aan jou seun nalaat. En sy gebruik verg vaardigheid...jy moet leer om te skeer. Jy moet staan en kyk hoe jou Pa dit doen...en die dag as daardie eerste donsies reg is, dan staan hy by jou en gee raad, en al sny jy jousef raak, en die bloed loop rooi oor die wit van die seep, dan weet jy jy word nou man. Ek meen, watse rituele is daar vir 'n seun vandag? 'n ritueel wat, as hy hom deurleef het, sê: Jy's nou 'n man. Die hele punt van 'n ritueel is dat hy 'n element van gevaar het...dis 'n kaphandskoen wat jy moet deurloop en jy moet oor vaardigheid beskik en konsentreer of jy kry seer.

Joodse seuns het 'n barmitzvah...waarna die seun weet hy verwag word om homself soos 'n man te gedra. Ek lees nou die dag oor die oer-inwoners van Australia. Tot op die ouderdom van twaalf woon 'n seun in die kraal saam met die meisies en die vouens. Maar kort voor sy dertiende verjaarsdag, sonder dat hy dit weet, word sy manswording deur die hele gemeenskap beplan. Almal is gereed. En op 'n dag kom die ou manne van die stam die kraal binnegestap, die seun se Ma ween en kerm, daar's 'n groot boehaai, en hulle vat die seun aan sy arm en sleep hom uit die kraal, met die Ma wat dramaties aan sy lyf en voete klou. En as hulle om die hoek verdwyn het, dan staan sy op en stof haarsel af en die ander vrouens wens haar geluk op haar oortuigende vertoning.

Dan neem die mans die seun na 'n grot in die berge, en hulle vertel hom van die legendes van hulle stam, hoe hulle daar gekom het, hoe 'n man met 'n vrou moet wees, haar met respek behandel en vereer, en leer hom hoe om wapens te hanteer en om te jag. En aan die einde van 'n jaar, as sy inlywing tot manlikheid voltooi is, plaas hulle 'n stuk hout teen sy een voortand, en slaan die tand uit...sodat wanneer hy sy tong oor sy tande vee, hy altyd sal onthou dat hy 'n man is, en om homself soos een te gedra.

Daarna bring hulle hom terug na die kraal, en stel hom opnuut, met 'n nuwe naam, aan sy Ma voor, wat maak asof sy hom nie ken nie, en sê: "My seun is dood, ek ken nie hierdie man nie". En dan antwoord die seun: "Ek is inderdaad 'n man, en ek sal sorg vir die vrou wie my Ma was."

Nou, ek sê nie dis nodig dat ons rondgaan en ons kinders se tande uitdônner nie, maar wragtag (*Wys na die 3-lem moderne skeermes*) hoe de hel skep mens 'n ritueel met hierdie ding? Ek was klaar verstom toe hulle een met twee lemme gemaak het, maar drie... dis nie asof die skeer nou 'n derde van die tyd neem nie. Skeermes vir morone. Maar dis bemarking vir jou: die deel wat vir ewig hou...die handvatsel, kos amper niks nie, maar die deel wat jy weggooi, die lem, kos meer as wat dit ordentlik is om te betaal.

Maar nou ja, hoe wys 'n korporasie jaar op jaar groter en groter profyt, as die produkte wat hy verkoop gebou is om te hou. Die hele punt is dat die verbruiker die produk opgebruik, en dan weggooi, sodat hy 'n nuwe een moet koop. En omdat ons al die advertensies glo, kak ons en betaal. Ek kan sien oor 'n paar jaar hoe die mans van die wêreld met hulle ses-lem, super-self-lubricated, turbo-charged lemme in badkamers rond steier en wonder hoe 'n doodgewone daad soos skeer duurder en meer komplekse toerusting as 'n breinoperasie kan verg.

Die ding is ook so hiper-veilig ek moet gedurig my vrou uittrap oor sy die ding op haar bene gebruik. Ek kan nog die eerste Minora blade safety razor tot 'n mate aanvaar, met hom moes jy nog versigtig wees, maar hierdie ding is so veilig hy't airbags en ABS brieke. Wat bly oor om vir die seun te leer? Versigtig, seun, moenie die roompies op jou klere mors nie!

Nie dat dit eintlik saak maak nie, want Pa is in elk geval nie meer by die huis om die ritueel te behartig nie, om sy seun van 'n man se dinge te leer nie. Ek weet...my eie seun is varsity toe sonder dat ek ooit eers gesien het hoe hy skeer. 'n Man van vandag doen meer vir die aandeelhouers as wat hy ooit werklik vir sy kinders doen. En ek praat nie van geld gee, en dinge koop, en

varsity betaal nie...ek praat van Pa wees vir sy kinders...veral die seuns, op daardie tydstep van hulle lewens wanneer hulle nie meer seun is nie, maar nog onseker is oor hoe om man te wees. Die enigste rituele wat oorbly is die huwelik en die graf, maar vir die huwelik moet jy al reeds 'n man wees, en vir die graf...wel, na jy hom deurleef het, is jy dood. Maar een ding is seker, dis 'n ritueel wat jou gedagtes konsentreer. Soos Michael Clark, 'n engelsman wie ek in my eerste jare as besigheidsman geken het, altyd gesê het: Nothing focuses a man's mind like a hanging at dawn.

Hy was 'n slim wetter, daai Clark, maar hy't 'n voordeel gehad...in die laat Sestigste jare, toe ek my besigheid gestig het, en die Natte lekker besig was om aan Apartheid te skaaf, was groot besigheid in hierdie land nog steeds in die hande van die Engelse. G'n Afrikaner kon 'n toon, nevermind a voet in daardie old school tie club se deur in kry nie. Toe die swartes die land in '94 by ons oorgeneem het was hulle baie slimmer as die Afrikaner toe hy die land in '48 by die Engelse oorgeneem het. Wat help dit om die politieke mag te hê sonder die ekonomiese mag wat daarmee gepaard gaan? Net 'n poephôl is tevrede om die koek te besit, maar nie die ding te kan eet nie.

Intussen het die Afrikaner, ten groot onkoste, sy eie besigheidsryk *langs* die Engelse business empire gebou, en die res van die volk in die poskantoor en staatsdiens geprop. Maar terwyl hulle besig was om pasboekies te verbrand en tuine te hark, het swart mense die saak mooi uitgekyk, kop geskud en gedink: "Aishhhh! Die kaburu, hy's nie te slem by die kop nie"...en toe hulle uiteindelik die politiese mag kry, maak hulle daar en dan seker dat dit nie te lank sal wees voor hulle die ekonomiese mag ook het nie. Nou loop duisende Afrikaners op straat rond en bedel by verkeersligte terwyl swart yuppies in hulle Jaguars verby ry, en die Afrikaner met sy "Help, soek werk" bordjie wonder wat de donner gebeur het. En dis maar net die begin.

Toe ek nog 'n tiener was, het my Pa vir my gesê: "Seun, jy moet jou eie besigheid besit. Die Engelse soek nie ons volk in hulle sake nie, en om in die staatsdiens of politiek of diplomatieke korps 'n loopbaan te maak beteken jy glo 'n klein groepie wittes gaan die massas swartes vir ewig kan onderdruk.

Glo my, jy sal nog in jou lewe sien hoe 'n swart man die president word.” En toe Mandela die dag ingesweer is, het my Pa teruggesit en gesê: “Nou ja toe, daar's hy, kom ons kyk wat maak onse ou volkie nou.”

My Pa se raad het ek gevolg. Mense glo my nie, maar ek het daardie besigheid in '69 met 'n honderd rand kapitaal begin. Maar voor ek verder praat, aan diegene wat hulle eie besigheid wil begin...as jy dink dis tros om vir 'n baas te werk...werk 'n bietjie vir jouself...want dan kom jy nooit van jou baas af weg nie...24 uur 'n dag, sewe dae 'n week...hy slaap selfs met jou vrou!...hoor as jy by haar kla...sien elke fout wat jy maak, en as jy rus of net 'n bietjie op jou agterend gaan sit, dan's hy daar: “Watse gerondstettery is dit hierdie? Kry jou gat in rat! Werk, wetter, werk!” Met die gevolg dat jy amper nooit by die huis is nie, en as jy by die huis is, werk jy nog steeds. En omdat die besigheid groei, verorber hy, nes 'n groeiende kind, kontant. Daar's nooit genoeg geld nie, en jy ontwikkel 'n liefdes-haat verhouding met jou bankbesuurder, want g'n siel wil hulle geld in 'n nuwe, onbeproeft onderneming belê nie. Al redding is daardie oortrokke fasiliteit...dit wil sê as jy een kan kry...en dan is die vra daarvoor 'n les in gatkruip, vernedering en bedel. Eendag gaan ek nog Tungsten Knee-Caps *en masse* bemark...sal 'n fortuin maak... (*Maak asof hy op 'n TV ad is...hou 'n denkbeeldige paar knee-caps op*) “Met die nuwe Lek-my-gat Tungsten Knee Caps kan jy nou langer op jou knieë bly as wat jou bankbestuurder nee kan sê.”

En jy leer baie gou dat 'n bank is nie 'n Artikel 21 maatskappy nie. Nes enige ander besigheid moet hy 'n wins wys, en hy kry dit reg, nes enige ander besigheid, deur om meer te vra as wat hy betaal. Maar intussen is jy daar, met eelte op jou knieë omdat jy nog nie die Tungsten Knee Caps uitgedink het nie, in die oortrokke-fasiliteit posisie (*hy kniel*), nie 'n sent op jou naam nie, besigheid diep in die skuld, krediteure wat jou tien keer 'n dag bel, en jy dink jy's Johannes Kerkorrel en jy sing: “Gee, gee, gee...”

En omdat 'n bank bestuurder 'n bank bestuurder is omdat hy vir 'n bank wat wins maak werk, is die donner slimmer as wat hy lyk, en hy check jou so vir 'n oomblik uit, en dan maak hy die song klaar: “Nee, nee, nee....”

Jy smee, jy huil, jy lieg soos 'n vlieg en wil vloek soos 'n mattruus...en hy sit kalm agter sy lessenaar (waarvoor die fooie op jou tjekrekening betaal het), en na jy uiteindelik jou toespraak soos Anna Neethling-Pohl in Wolwe Dans in die Skemer uitgespeel het, sê hy saggies: “Ek is bietjie bekommerd oor jou kapitale struktuur.”

Wat hy nie beseft nie, omdat jou Anna neethling-Pohl melodrama nogals oortuigend was, is dat jy nie 'n bleddie clue het wat 'n kapitale struktuur is nie...jy't so pas jou besigheid begin...so ver jy weet probeer jy net iets verkoop vir meer as wat jy daarvoor betaal het, jy't 'n paar goeie orders, maar nie genoeg kontant om dit te kan lewer nie. Hoekom anders is jy dan op jou knieë, my magtag? Is dit so moeilik om te verstaan?!! Kan hy dit nie sien nie?!

Halfuur later, na jy jou huis, jou kar, jou vrou, jou kinders en jou hond as kolateraal weggeteken het, strompel jy daaruit, natgesweet, jou ego gekrimp tot 'n ertjie, maar jou kontantvloei gered vir 'n maand. En die dag as jou besigheid eers op sy eie voete kan staan, en nie meer die bank se geld nodig het nie, dan kom hulle na *jou* toe, klop aan jou deur, en bied aan om jou die einste kontant wat jy nou in die bank het, te leen.

Ek het nou die aand 'n droom gehad wat ek dertig jaar gelede laas gehad het...ek droom ek staan in Suid-Afrika...maar daar's nie 'n enkele dorp of stad in die hele land nie...net een massiewe graniet gebou... in die middel van die land... met die woorde “BANK” ingeëts bo die deur... en 46 miljoen mense kniel om daardie gebou...hande gebak...en die deur gaan oop en die bestuurder kom uitgestap en sê, sodat al 46 miljoen hom kan hoor: (*Bulder*) “Ek is bekommerd oor julle kapitale struktuur!”

Ek moes 'n pel inspan om te verduidelik. En toe verstaan ek: Die Balansstaat. Dit waar om alles draai. Aan die een kant: dit wat jy besit, en aan die ander: dit wat jy skuld. Bates hier, en laste daar...met die idee dat jou laste nie jou bates oorskry nie. Want dan's jy bankrot.

Wat ek eers baie jare later beseef het, is dat 'n balansstaat nie net die hart van 'n besigheid is nie, dis die hart van die heelal. Want dit gaan oor balans, en hy *moet* balansseer. Vir elke aksie moet en sal daar 'n reaksie wees, en as jy meer vat as wat jy gee, meer skuld as wat jy het, dan is dit verby. Dis wat Verwoerd en Malan en die Nasionale Party nie verstaan het nie...daar moet balans wees, of vroeër of later, is dit verby. Die heelal sal jou bates kom haal om jou laste te balansseer.

My besigheid het gegroei, en toe die bank nie meer fasiliteite wou toestaan nie, moes ek aandele verkoop om kapitaal te kry om vir daardie groei te betaal...en naderhand was hy so groot dat hy gelys is op die aandelebeurs. Daarna het ek net 10% van die besigheid besit, maar hulle sê mos dis beter om 'n klein deel van iets groots en wat werk te besit as 'n groot deel van iets kleins, wat nie werk nie. (Nog iets wat die Natte, en almal van ons wat vir hulle gestem het, nie verstaan het nie.)

En nou, oor 'n uur, het ek 'n raadsvergadering...en hulle dink ek weet nie wat by daardie vergadering gaan gebeur nie. Die ou ballie wat die voorsitter is – dis nou ek – hou nie van die struktuur – kapitaal en andersins – van die Black Economic Empowerment deal wat beplan word nie. Bo en behalwe die feit dat my aandeel na die deal na minder as 5% afgewater sal wees, ruik die plan vir my ook desperaat. As Shakespeare vandag sy Hamlet moes skryf, sou hy nie “To be or not to be” gevra het nie, maar eerder, “To B.E.E. or not to B.E.E”, behalwe, die vraag is nie meer to B.E.E. or not to B.E.E. nie, maar eerder: “How to B.E.E.?” Vyf jaar gelede was dit nog “sal ons of sal ons nie”, nou's dit net “hoe” of sê koebaai. En omdat ek nie bereid is om die “deal” eenvoudig te rubber stamp soos sekere invloedryke aandeelhouers dit wil hê nie, het hulle gaan gatlek totdat hulle 'n stemmeerderheid bymekaar geskraap het, en vandag word ek van die raad afgeskop. Maar dis wat gebeur wanneer die besigheidswêreld deur jong latte van dertig, met hulle kraakvars MBA's, wat nog sukkel om uit te werk of en wanneer hulle 'n man geword het, beheer word. Gee my eerder een mens met lewenservaring en 'n gesonde

verstand as twee daarsonder, maar met 'n graad. En hulle dink ek weet nie wat op my wag nie.

Maar wat hulle ook nie weet nie, is dat ek voel net mooi...verskoon tog, mag ek al die dames van fynere oortuiging vra om vir 'n oomblik hulle ore toe te druk...dankie...ek voel fokkô! Dankie. *(Hy beduie vir die dames om hulle ore weer oop te maak)*

Inderdaad, ek is hulle innig dankbaar! Na 'n leeftyd van gemak en voorreg, het ek vergeet wie ek eintlik is. My voorouers het met hulle kaal hande ossewaens oor berge gesleep, my magtag. Maar nou dat die Afrikaner nie meer daarop kan staat maak dat hy altyd deur die regering voorgetrek sal word nie, nou sit hy aan die voet van die berg en kla. "Dis te hoog. Dis te moeilik. Dit sal seer wees. Waar's my pantoffels en my TV? Ons gaan 7de Laan mis." In die verlede het ons pap geëet, nou's ons net pap.

Elke nasie het sy kenmerke – dit wat hom tussen ander nasies onderskei – en as ek een ding van hierdie nasie weet, dan's dit dit: hy's op sy beste as hy ossewaens oor die berge sleep. En hoe styler en moeiliker, hoe beter. Die probleem vandag is juis dat ons jeug nie 'n rede het om 'n "Eet Kreef" toer te reël nie. Die beste Afrikaanse musiek het juis ontstaan toe die musikante van die Tagtigter jare oor die Verset-teen-Apartheid berg geklim het. Afrikaners is van die mees suksesvolste immigrante ter wêreld, en hoekom, want om te immigrer is om vir jou 'n nuwe berg uit te kies. Slim Jannie Smuts het dit lankal verstaan: "Ons mense", het hy gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog gesê, "moet met 'n doop van vuur en bloed gedoop word voordat ons ons plek in die wêreld se volkery kan inneem. Of ons sal geheel uitgewis word, of ons sal ons pad boontoe uitveg." En daardie vuurdoop is nog lank nie verby nie, inderdaad, hy't nou eers lekker aan die gang gekom, want tussen '48 en '94 was 'n feëverhaal.

Die swartes het die beheer gekry en goed so, want teen die tyd wat hulle Mandela vrygelaat het kon ek my kinders nie meer in die oë kyk nie, kon ek nie meer die woorde vind om na kerk in die kar op pad terug huis toe te

verduidelik wat Liewe Jesus bedoel het toe hy gesê het 'jy moet jou naaste lief hê' nie, en hoekom swart mense nie ook ons naaste is nie; of verduidelik hoekom die hele wêreld behalwe Engeland en Israel teen ons staan nie; hoekom my seun moes kies tussen 'n grensvegter wees of tronk toe gaan nie.

Ons is weer pioniers in die wilderness, maar kyk ek om my, sien ek 'n nuwe generasie met hulle oë op die kruin van 'n berg? Nee. Nou dat die Afrikaner nie meer die land *besit* nie, soek hy sy betekenis in *besittings*. Stoot hy daardie "bottom line". Van die sitkamer tot die raadsaal hoor jy die vraag: Hoe kan ons meer maak? ons soek meer, stoot daardie profyte of ons kry iemand anders. Maar daar's twee soorte profyte: die soort wat jy kan meet, en die soort wat jy nie kan meet nie. Einstein het gesê: "Dit wat getel kan word, tel nie altyd nie; en dit wat tel, kan nie altyd getel word nie." Wat help dit om ryk te wees, maar nie mens nie? Hoe meer ons besit, hoe minder het ons. G'n kar of huis of home entertainment system kan ooit die waarde en erkennings-vakuum, wat die ineenstorting van Apartheid en wit voorreg in die Afrikaner siel gelos het, vul nie. Ubuntu is 'n aanloklike idee: "*Ek is, omdat ons is.*" Maar hoe moet ek Afrikaner wees, as die Afrikaner nog nie *is* nie?

In die vroeë 19de eeu, om en by 1837, het die voortrekkers in Natal die Nuwe Republiek van Suid-Oos Afrika gestig, selfs met 'n parlement. Maar die republiek en die parlement het net vir 'n paar jaar gehou...hoekom? omdat elke keer as hulle vergader het, het hulle gestry. Kon nooit saam stem nie. Elke keer as 'n wet voorgestel word, dan staan die een of ander op en sê: "Moenie my probeer voorsê hoe ek op my plaas moet leef nie." En dis ons volk....dis moeilik genoeg net om te oorleef, maar stry sal ons stry.

Asof die laaste 60 jaar nie gebeur het nie, is ons weer terug in die myne, in Fordsburg en Newtown, en op plase uitgehonger deur droogte, en ons gaan of uitsterf en verdwyn, of ons gaan ons pad na boontoe uitveg en 'n nasie word langs al die ander in hierdie land, en dit sal nie gedoen kan word deur om na die verlede en die 'goeie ou dae' te hunker nie, of deur te maak asof ons pseudo-liberale verkleurmannetjies is wat geen eie kultuur het en by elke situasie kan inpas nie. Nee. Met ons eie unieke volkskarakter sal ons moet

deel wees en bydra tot die Suid-Afrikaanse lappieskombêrs, sonder bloed op ons hande, sonder skuld in ons hart, en sonder hoed in die hand. Klaar.

Ten minste is ons nie soos die Amerikaners nie, wat hulle vet vreet, en hulle longe gaar rook, en dan die maatskappy by wie hulle die hamburgers en sigarette gekoop het, dagvaar. Volgende wat ons gaan hoor is dat 'n Amerikaner vir Ford of Chevrolet gaan dagvaar omdat hulle advertensies oor die jare heen veroorsaak het dat hy nie meer 'n Cowboy is en perd kan ry nie. As ek 'n fout maak, dan erken ek dit. Ons het 'n fout gemaak en sedert '48 soos die Slapende Skoonheid in 'n wit toring gelê en slaap, en toe die Prins ons wakker soen, en ons maak ons oë oop, toe's sy vel die verkeerde kleur en sy naam nie Prince Charming nie, maar Umkhonto we Sizwe.

Ek gaan my oorblywende aandele verkoop en 'n nuwe berg klim. En dit gaan nie maklik wees nie, want kyk, dis Afrika die, en dis nie vir Sissies nie. Ek meen, net om elke aand by jou voorhek in te ry sonder dat iemand 'n geweer teen jou kop druk, verg 'n "special forces" soldaat se vernuf: (*Hy boots die hele proses na*) Dis donker...kom by die pad af net voor jy in jou straat in draai...ligte op dim...laat hulle nie weet jy's om die hoek nie...dan draai jy in jou straat in...gooi die ligte of bright...weef links en regs oor die pad om seker te maak dat niemand in die skadus staan en wag nie...bevestig dat geen vreemde karre naby geparkeer staan nie...stop voor jou hek, maar met die kar se neus nog in die straat afmik sodat jy vinnig kan wegry as dit moet...druk die knoppie vir die sekuriteitshek...en terwyl hy oopmaak check, check, check jy in elke spieëltjie om seker te maak dat niemand jou van agter bekruip nie...dan's die hek uiteindelik oop...ry in...check, check, check aanhoudend in die spieëltjies dat iemand jou nie ingevolg het nie, druk die knoppie, klim uit...hou die hek dop tot hy toe is. Sluit die slot. Raait, nou vir die voordeur.

Nie vir sissies nie. Net die dubbele standarde alleen, die polities-korrektheid, is genoeg om jou lam te maak. En o ja, ek weet dis nie *de rigueur* om die swart regering te kritiseer nie...dan's jy 'n rassis. Wat, wil ek weet, het gebeur met Van Wyk Louw se 'lojale verset'? Ons leef mos nou 'n demokrasie, en die hele punt van 'n demokrasie, soos ek dit verstaan, is dat die burgers juis

verwag word om op hulle seepkissie te klim en te protesteer as hulle nie gelukkig is nie. Lojale verset is 'n teken van 'n gesonde bestel. Maar weereens was daardie tuinjong 'slemmer' as die baas. As jy enige verset wil onderduk... moenie, soos die naïewe Afrikaner, wette daarteen maak wat die hele wêreld dan kan kritiseer nie. Veel slimmer...skep 'n implisiete veroordeling daarvan, maak dit onsmaakvol, onpatrioties, rassisties om te kritiseer, want dan's daar geen konkrete wet waaroor iemand kan protesteer of toi-toi of sy woonbuurt afbrand nie. En as daar dan nog steeds enkeles is wat wil protesteer, dan sorg jy net dat hulle stilletjies uitgestoot word uit die binnekring van voorreg en ondersteuning. "Haai jammer, maar jou tender het dit nie gemaak nie. Probeer maar weer volgende keer."

Intussen betaal ek 40% belasting op my salaris, belasting op my petrol, belasting op my kos, belasting op my drank, belasting as ek 'n huis koop, belasting as ek in hom bly, belasting op die snelweg, belasting op my kar, en nadat ek die belasting betaal het betaal ek my mediese hulpskema want daar's nie ordentlike hospitale nie, my armed response want daar's nie polisie nie, my kinders se opvoeding want daar's nie ordentlike skole nie, en ergste van alles, kan ek nêrens parkeer sonder om iemand te betaal wat my wys hoe om te parkeer, nadat ek al 40 jaar lank kar bestuur en hy nog nooit agter 'n stuurwiel was nie. Eendag gaan ek wragtag uitklim, laat hy die kar parkeer, en dan betaal ek myself.

En as ek terug kom by die kar, dan betaal ek weer want ek's bang dat as ek dit nie doen nie, hy volgende keer my kar sal krap. Verlede jaar is my kar gesteel, en ek kom daar aan en vra vir die ou wat daar staan: "Waar's my kar?!" En hy antwoord my dat my kar gesteel is, en hy weet dit vir 'n feit want hy't self gesien hoe hulle hom steel! En toe ek wou wegloop, toe wou hy weet waar's sy geld...aangesien hy die hele aand daar gestaan het. Daar word gesê dat 40% van ons volwasse bevolking soder werk sit, maar dis twak. Daardie 40% sit op die strate van ons stede en kyk na karre wat gesteel word en hulle word betaal om daar te sit.

Maar as jy in Afrika wil leef, dan's dit die prys. Nou die dag, na ons vergadering gehou het oor die B.E.E. transaksie, staan ons almal na die tyd in 'n kroeg, en een van die jong swart latte wat as gevolg van die transaksie binnekort 'n multi-miljoenêr gaan wees, probeer my vertel dat hy 'n Afrikaan is, en ek 'n Europeër. Ek sê toe vir hom, as ek 'n Europeër is, dan's hy 'n Congolees. Hy treë toe ewe verontwaardig terug en noem my 'n "Euro-centric, colonial-imperial racist", want kan ek nie sien nie, sê hy, watter kleur sy vel is nie, en hierdie land is sy land. Waarop ek toe antwoord: Enigste verskil tussen jou en my, my vriend, is dat jou voorvaders al die pad van middel-Afrika hiernatoe *gestap* het, terwyl my voorvaders skepe gebou het en oor die see hierheen gevaar het. As jy rêrig wil stry oor aan wie hierdie land behoort, dan reken ek ons pak altwee ons sakke en gee die land terug aan die San en die Xoi....wat terloops deur beide jou en my voorvaders verdring en uitgemoor is.

Daar stap hy toe heel verontwaardig weg, in sy Europese Hugo Bos pak, met sy Europese Rolex en sy Europese skoene, en klim in sy Europese BMW en ry na sy Europese huis in 'n Europese woonbuurt met Europese teerpaaië terwyl hy op sy Europese selfoon 'n tafel in 'n Europese restaurant bespreek. Ek was sommer lus en druk 'n Euro-sentriese bottel wyn in sy ver-Europeesde Afrika hol in op.

Ek's 'n Afrikaan van Europese herkoms en ek vra nie om verskoning vir my kultuur nie.

Ek hou van boerewors en braaivleis,
van Mozart en Laurika Rauch,
van rugby en teater, brandewyn en coke, langarm en 'n jive,
en ek's bly Anke het Idols gewen,
nie omdat sy wit is nie, maar omdat sy die beste gesing het;
en ek hou van ons vlag;
en ek ken die woorde van Nkosi Sikelele,
en ek's dankbaar aan beide Mandela en De Klerk
dat ons nie 'n bloedbad in hierdie land gehad het nie,
en trots op my nasie

wat gekies het om mense soos Terreblanche en sy Neo-Nazis die pad te wys
en die onreg te staak en die mag te oorhandig
omdat dit die regte ding was om te doen,
en die NG Kerk wat om verskoning gevra het,
wat meer is as wat mens vir die katolieke kan sê
wat tot vandag toe nog nie jammer gesê het
vir die mense wat hulle verbrand het nie
of vir Galileo wat hulle gedreig het om te brand as hy nie ontken dat die aarde
om die son draai nie,
of vir die der duisende mense wat VIGS het omdat hulle nie kondome mag
gebruik nie,
en ek hou van Suid-Afrikaanse produkte en koop hulle eerste as ek kan,
en ek het gehuil toe Charlize die Oscar wen en dit aan haar mense in Suid-
Afrika opdra,
en ek dink Tito Mboweni en Trevor Manuel kwyd hulle goed van hulle taak,
ek's mal oor Nathaniel se humor en sy sjokoladekoek reseps,
my hart bars met trots as ek ons grondwet lees,
en ek is "Proudly South African" en ek vra nie om verskoning nie.

(ASEM)

En ek is gatvol vir Afrika se bygelowigheid wat in hekse glo
en kinders vir muti vermoor,
en gatvol vir highjacking en diefstal,
gatvol vir die tralies voor my vensters en die alarm in my huis,
gatvol vir die gate in die paaie
en die taxis wat meer swart mense in 'n jaar doodmaak
as wat Apartheid ooit in sy bestaan doodgemaak het,
en gatvol vir politici wat geld steel en daarmee wegkom
en soos konings leef terwyl die mense wat hulle daar gesit het van die honger
omkom,
gatvol vir bedelaars by my hek en by elke stopstraat waar ek stop,
gatvol vir produkte wat jy weggooi omdat hulle nie gebou is om te hou nie,
gatvol vir polities-korrektheid en te bang wees om te sê wat ek voel,
gatvol vir Afrikaners wat 'n volkstaat wil hê en nie besef hoe belaglik hulle is
nie,

gatvol vir pseuo-liberales wat eintlik almal haat behalwe hulle self,
gatvol vir buitelanders met hulle neerhalige houding
maar wat meer inheemse volkere vermoor het as wat my volk ooit gedoen
het,
en gatvol vir buitelanders wat ons kuslyn opkoop
omdat ons dit self nie kan bekostig nie,
gatvol vir arrogante Amerikaners wat die enigste nasie is
wat nie een nie, maar twee atoom-bomme op 'n ander nasie laat val het,
gatvol vir TV wat veroorsaak dat gesinne nie meer in die aande met mekaar
praat nie,
gatvol vir die Midde-Ooste en sy oneindige oorlog,
gatvol vir mense wat God as 'n ekskuus gebruik om mense te vermoor,
gatvol vir skuldig voel en BBBEE,
gatvol vir die Afrikaner jeug wat immigrer en nie meer Afrikaans wil praat nie,
gatvol vir ouers wat nog steeds hulle kinders leer om van "kaffirs" en "koelies"
te praat,
gatvol betaal aan die sondes van my voorvaders,
EN GATVOL VIR 'N MENSE WAT MY Sê EK IS NIE 'N AFRIKAAN NIE!

Dit is natuurlik alles goed en wel om jou oë op die berge te hê, solank jy nie vergeet dat jy nie die ossewa alleen oor hom sleep nie. Jy word deur 'n hele span ondersteun, wat self op die snye in jou hande en voete smeer, wat elke aand sorg dat daar lafenis vir die lyf en siel is, en wat hulle eie swaarkry moet verduur. Maar omdat jou focus so toegespits is op die volgende rots, die volgende krans, is dit maklik om dit te vergeet. My vrou is agt jaar jonger as ek. Tien jaar gelede, kort na haar 42ste verjaarsdag, het sy 'n buite-egtelike verhouding gehad.

My eerste reaksie, toe ek uitvind, was woede, woede oor die troubreek, die verraad. Ek wou haar summier konfronteer, uit die huis uit skop. Is dit waarvoor ek al die jare gewerk het?! Wat is dit met vrouens dat hulle so ondankbaar kan wees, nie kan sien hoe ek my lewe vir haar en die kinders opgeoffer het nie. Gaaf, as jy wil rondnaai, dan sal ek ook. En ek het, eenkeer, 'n vrou in Londen, en dit was betekeloos, leeg, sonder teerheid,

sonder hart. Ek kon nie meer huistoe gaan nie, wou nie meer huistoe gaan nie, het later by die werk gebly. En terwyl ek so kwaad was dat ek slange kon vang, het ek haar gemis, was die idee van my lewe sonder haar onuithoudbaar. Maar ek het niks gesê nie...in elk geval, nie vir haar nie.

Toe ek naderhand voel ek gaan ontplof, het ek een aand met my beste vriend en kollega, Lukas du Preez, daaroor gepraat. Lukas is 'n uiters suksesvolle besigheidsman, met belange op elke kontinent. En toe vertel hy my van sy eerste huwelik, waaroor ons nooit juis baie gepraat het nie. Ons het ontmoet toe hy alreeds tien jaar in sy tweede huwelik was. Hy't een aand na werk by die huis gekom en toe was sy net weg. En soos in 'n film was daar 'n briefie op sy lessenaar in sy studeerkamer. "Kan nie meer so aangaan nie. Totsiens."

Hy was natuurlik totaal uit die veld geslaan. Hy't haar alles gegee wat hy gedink het sy wou gehad het – 'n Mercedes sportkar, 'n massiewe huis met bediendes om elke hoek, 'n kind, weelde en gemak soos die meeste maar net daarvan kan droom. Toe hy haar uiteindelik opspoor, en haar oortuig om hom vir 'n uur te sien, het sy hom vertel dat die kar, die huis, die weelde en gemak, niks beteken as hy nie daar is om dit saam met haar te deel nie. Sy't met hom getrou omdat sy *hom* lief het...die res was veronderstel om 'n bonus te wees, nie 'n las nie. Hy't nie geld gehad toe sy op hom verlief geraak het nie. En daarom het sy iemand anders gevind, wat minder in sy sak het, maar meer kan gee. En sy wil niks uit die egskeiding hê nie, dankie. En omdat hy kop onder water betrokke was in sy besigheid kon hy nie beloof dat hy sy lewenspatroon sou verander nie. Hulle't geskei, en ten spyte van die feit dat hy haar 'n klein fortyn aangebied het, het sy dit van die hand gewys. Toe sit hy dit maar in 'n trust vir hulle kind. En dit was dit.

Jou hele lewe werk jy, veertien uur op 'n dag, naweke, vlieg oorsee twee keer 'n maand, bring kollegas laat in die aand huistoe waar julle verder vergader...en in jou kop doen jy dit omdat jy vir jou vrou en kinders net die beste wil gee, 'n goeie lewe, hulle na die groen weivelde anderkant die berg wil neem, maar intussen vernietig jy die einste ding wat jy wil bewaar.

Ons het ons drankies klaar gedrink, en toe ek na my kar toe stap het ek daar en dan besluit dat niks, maar niks is vir my meer belangriker is as my vrou en kinders nie. My besigheid was toe al 25 jaar oud en ek nog steeds die Uitvoerende Voorsitter. Die volgende dag het ek my raad bymekaar geroep en my bedanking as uitvoerende voorsitter ingedien, en myself slegs as nie-uitvoerende voorsitter beskikbaar gestel. Dit is so aanvaar en voorstelle vir 'n hoof besturende direkteur is deur die lede van die raad by die vergadering ingedien.

Om die waarheid te sê, dink ek die algemene gevoel tussen die raadslede was een van enorme verligting. Dit bly nou maar 'n swakheid van entrepreneurs, dat hulle te lank vasklou aan die beheer van dit wat hulle begin het, juis omdat hulle dit begin het.

Teen vyfuur die middag was ek by die huis. Snaaks hoe leeg 'n huis kan voel as die moontlikheid bestaan dat hy wel binnekort leeg kan wees. So om en by sesuur het my vrou ingestap, en vasgesteek toe sy my in die stikamer sien. Ek het haar vertel wat ek gedoen het, en al wat sy gesê het was: "Ek's bly." Oor haar "affair", wat sy daarna beëindig het, het ek niks gesê nie, en ek het dit 'n reël gemaak dat ek nooit later as sesuur by die huis aankom nie; naweke behoort aan my vrou; en as ek vir besigheid die land moet verlaat, gaan ons saam.

Tot vandag toe weet sy nie dat ek van die verhouding geweet het nie. Ons het mekaar vergewe. Ek sê "ons", want ek het haar vergewe, ja, maar wat ewe belangrik is, is dat sy my ook vergewe het, vergewe het vir die jare se vanselfsprekend neem, die nie daar wees nie terwyl sy altyd daar was, en die tipies manlike aanvaarding dat my lewe vir ons altwee voldoende was.

Ek is groot gemaak met die ou gesegde dat agter elke suksesvolle man, is daar 'n vrou. So het my Pa en Ma geleef, en toe ek jonk was het ek dit geglo. Toe ek ouer word het ek dit verander en gesê: *Langs* elke suksesvolle man is daar 'n vrou; en as ek my vrou wou vlei het ek gesê *voor* elke suksesvolle

man is daar 'n vrou, wat met haar vroulike wysheid lankal die pad gesien het. Maar nou dat ek sestig is, het ek uiteindelik tot die insig gekom dat “agter”, “langs” of “voor” is alles oppervlakkige tydskrif sielkunde, en dat 'n suksesvolle huwelik word deur een primêre eienskap gekenmerk: wedersydse respek.

Dit was tien jaar gelede...betyds om my huwelik te red, maar vir my kinders was dit te laat. Al twee reeds uit die huis.

Toe hulle nog klein was, in die jare Sewentig, voor TV, het ons een aand inry toe gegaan om Mary Poppins te gaan kyk. Ek het die film nooit weer daarna gesien nie en min van hom onthou. Verlede naweek het ons by my dogter gekuier. Haar dogtertjie het pas ses geword, en vir haar verjaarsdag het sy onder andere 'n DVD van Mary Poppins gekry. *Ek* het die film dalk vergeet, maar my dogter het klaarblyklik nie. Toe sit ons almal saam en kyk na die film, en ek was verstom oor hoe jy iets op 'n sekere tydstip in jou lewe kan hoor, maar omdat jy nie reg is om dit te hoor nie, hoor jy dit nie. Mary Poppins (gespeel deur Julie Andrews wat, lyk dit my, nooit gaan oud word nie) is mos 'n *au pair* wat twee kindertjies moet oppas, en die Pa is 'n streng Viktoriaanse pa, soos die meeste van ons pa's maar was, sien sy kinders net in die aand voor hulle bed toe gaan, en dan word die Pa deur Dick van Dyk, wat 'n skoorsteenveër speel, gekonfronteer, en hy sê vir die Pa:

“You’ve got to grind, grind, grind at that grindstone,
Though childhood slips, like sand through a sieve,
And all too soon they’re up and grown,
And then they’ve flown,
And it’s too late for you to give.”

Dertig jaar gelede het ek die film gesien, maar daardie woorde nie gehoor nie. En ek kyk oor na my dogter, en vir die eerste keer sien ek haar rêrig...die vrou wat sy geword het. In 'n ouer se kop bly jou kinders maar kinders, sien jy hulle soos jy hulle onthou...op jou skoot indien hulle nog wakker was wanneer jy by die huis gekom het, as 'n blommetjie in 'n skoolkonsert, waarvan ek net een of twee kon bywoon, 'n klein piexie op 'n swaai op 'n Saterdag-middag as jy nie

besigheid op die gholfbaan gedoen het nie. Maar die probleem is, hulle is nie meer die kind wat jy onthou nie; het intussen soos sand deur 'n sif deur jou lewe geglip sonder dat jy dit alles gesien het; liefde gehad en liefde verloor, seks gehad en dronk geword, en seergekry en siek geword, gewen en verloor, en soos enige ander, dra hulle die letsels van mens wees en word...en dan eendag kyk jy na jou dogter of jou seun en jy besef jy ken die kind, maar nie die mens nie.

Later die middag, toe almal buite was by die braai, skraap ek my moed bymekaar en gaan sit langs haar. Vir 35 jaar het ek mense aangestel en afgedank, transaksies beklank en vir die oorlewing van 'n besigheid met hand en tand geveg, maar daar sit ek voor my dogter en ek's so senuweeagtig ek kan skaars praat, my mond is droog, en sy sien ek is ongemaklik en vra "Wat's fout Pa?", en ek antwoord, "Niks. Ek het net gewonder...jy en jou broer...is julle ôrraait?" En sy kyk my lank in stilte aan, verstaan wat ek vra, en sê: "Ja...ons is ôrraait."

Ek sou natuurlik nie 'n clue hê hoe om vir my seun so iets te vra nie. Hy sou waarskynlik dink die ou man het uiteindelik siniel geword. Hy's besig om al die foute wat ek gemaak het, vir homself te maak, en hoe dan anders? Nes 'n dogter haar Ma, word 'n seun sy Pa...op sy eie manier...met of sonder 'n ritueel. Vir hom sal ek maar 'n brief moet los, wat my prokureur, saam met my testament vir hom kan gee na ek dood is. Nie dat ek weet wat ek sal skryf nie...miskien net: "Gaat je wel, my seun. Ek's trots op die man wat jy geword het."

(Hy trek sy baadjie aan – die laaste kledingstuk op die kapstok)

"Ek is te oud om 'n skaap te wees. Van nou af is my naam J.C." My besigheid kan hulle vat...soos 'n ou lyf is ek klaar met hom. Ek het hom in die donkerste jare van Apartheid gestig, en hy't deur voordeel en uitbuiting gegroei. Die leiers van hierdie nuwe land sal nog leer dat om die mag te besit, is een ding, maar om dit met morele standvastigheid te besit, is iets anders. Nes 'n besigheid se karakter geken word aan hoe hy, nie die grootste

nie, maar die kleinste aandeelhouer se reg tot protes, identiteit en wording beskerm en bewaar, so ook die karakter van 'n regering. En dis makliker gesê as gedaan. Vra vir die Afrikaner...ons weet.

En wat die toekoms betref... "Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerôl is. Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie."

Drie dae, drie jaar, drie dekades...as jy glo... is enigiets moontlik...selfs 'n wederopstanding.

En nou moet julle my verskoon...daar's 'n berg wat op my wag.
